

**17 Februarie**

**Skrifgedeelte: Numeri 13:1-14:10a**

### **Geloof maak die verskil**

Ons weet die Here is met ons oral waar ons gaan. Die Here het ook wonderlike beloftes tot ons versterking gegee. Hy bewaar ons. Hy lei ons. Hy laat ons oorwin. Al hierdie dinge doen die Vader vir ons in Christus, deur die Heilige Gees.

Nogtans word ons ons eie verantwoordelikheid nie ontnem nie. Ons moet met die gawes wat die Here aan ons gee verantwoordelik optree. Ons moet nugter kyk en weeg en dan besluit. Maar in ons besluit moet ons deeglik rekening hou met God en sy beloftes aan ons.

Daar is twaalf bescpieters uitgestuur – twaalf leiers van die stamme. Almal het dieselfde dinge gesien en waargeneem: Die vrugbare land, die versterkte stede en die reuse vegters. Almal het ook geweet dat God met hulle is en dat Hy in hulle midde woon. Hulle het almal ook van die belofte geweet: Kanaän behoort aan Israel. Tog was daar 'n meerderheid- en minderheidsverslag. Waarom? Omdat almal nie deur dieselfde geloofsbril gekyk het nie. Net Josua en Kaleb het na die werklikheid vanuit die daar wees van God en sy beloftes gekyk. Die ander tien het net teen hulle eie kleinheid en die omstandighede vasgekyk. Geen wonder dat hulle sê: Ons was soos sprinkane in ons eie oë, so was ons ook in hulle oë. Vir hulle was dit selfmoord om verder te trek.

Kyk ons na die werklikheid om ons deur ons geloofsbril, en onderneem ons wat Góó ons laat sien?

*Sing: Psalm 107:15*

*Dr NP Heystek (Wapadrant)*